HERBS

No. 102 **Desember 2011**

Hierdie geillustreede nuusbrief bied die jongste Hermanus Botaniese Vereniging se nuus en menings oor die fynbostoneel. Dit verskyn ook op ons webtuiste **www.fernkloof.com**.

Voorsittersverslag: Blom-en-Ekoskou

Die Verenigde Nasies het, met sy verklaring van 2011 as die Internasionale Jaar van Woude, die inspirasie vir die uitstalling van hierdie jaar se Blom-en-Ekoskou voorsien.
Die uitstalling het 'n beboste kloof, omring deur fynbosbedekte hange, voorgestel. In die middel van hierdie skitterende uitstalling was 'n versameling groot bome wat teen baie redelike pryse van die uitstalling gekoop kon word. Die uitstalling is aangevul met 'n uitsonderlike, pragtig aangebode versameling spesimens.

Die grootsheid van die Natuur, uitgestal in die saal, is die samevloeiing van vele dae se werk deur vele onvermoeide vrywilligers. Spanne spesimenplukkers het van die Maandag voor die skou geopen is, die gebied gefynkam vir uitsoek spesimens. Hierdie moet dan uitgesoek, benoem en ten beste uitgestal word. Werk aan die blomme-uitstalling neem ruim voor dán 'n aanvang terwyl die werk in die hoofgebou 'n week voor die skou open, begin. Onder al die plante is 'n steier wat dikwels 'n groot uitdaging bied om op te rig. Hierdie struktuur moet dan bedek word met plante en blomme, waarvan almal opgespoor, uitgesoek en in plek geplaas moet word en mooi gehou moet word sowel tydens die dae van rangskikking as die dae van die uitstalling. En dan moet alles weer afgebreek, opgeruim, en skoongemaak word.

Afgesien van die "sigbare-resultate-werk" is daar ook al die noodsaaklike "administratiewe" werk wat die organisering en bemanning van die hek, sekerheid, vervoer, reklame, skoonmaak en die beheer van finansies behels. Was alles die moeite werd? `n Inwoner van baie jare het ná die Skou gesê, "Ek woon al reeds dekades hier en het nog altyd geweet die fynbos is besonders, maar tot en met hierdie skou, nooit besef hoe mooi dit werklik is nie - dankie." Dus neem ek aan die antwoord is "Ja!"

Finansieel gesproke het ons 'n wins van ongeveer R50 000 gemaak. Dit verteenwoordig toegangsfooie, die verkoop van lootjies en die verkoop van blomme en plante. Indien ons in staat sou gewees het om die kos, wat by die skou bedien is, self te bedien, sou ons wins aansienlik hoër gewees het. Vir die tweede agtereenvolgende jaar, egter, moes die Rolbalklub intree en help met die verskaffing van kos, aangesien niemand uit ons geledere gevind kon word wat bereid was om die verantwoordelikheid te aanvaar nie. Die balrollers het hulle uitstekend van hul taak gekwyt, maar het, vanselfsprekend, die leeue-aandeel van die wins vir hulself toegeëien. Dus, as enigiemand bereid is om die spyseniering vir die volgende skou te organiseer, sal dit besonder hoog op prys gestel word, en sal dit 'n groot bydrae tot Botsoc se fonds maak.

Ons hartlike dank aan al die werkers wat hierdie jaar se "Blom-en-Ekoskou" moontlik gemaak het. Dit is onmoontlik om almal wat betrokke was by die naam te noem maar elke persoon het wonderlike werk gedoen en, die belangrikste, met 'n glimlag (en sommige selfs met 'n lied).

Pat Miller

HIERDIE IS DIE ROOISPIKKELDISA WAT AMPER WEGGEKOM HET!

Die skoupronkstuk van vanjaar se Blom-en-Ekotentoonstelling was ’n robuuste persgespikkelde disa, wat amper in die orgideëhoekie van die spesimenuitstalling in naamlose vergetelheid weggekwyn het! Dit was eers toe Amida Johns, mede-outeur van *Stellenbosch to Hermanus Wild Flower Guide 5*, die blou disa-etiket wat aan hom toegeken is, bevraagteken het dat die korrekte naam na vore gekom het: *Disa hallackii*, Rooilysstatus : In gevaar- en in 2002 laas in die Grootbosgebied gesien.
Opgewondenheid het geheers! Die vinder van hierdie ontwykende orgidee is dr. Vic Hamilton - Attwell, wat tydens die skou besig was om Vermont se leë erwe te ondersoek vir die rooi, vlesige parasiet *Hyobanche sanguinea* en sy begeleidende bestuiwer.
Hy het sukses behaal met sy eerste poging waar indringerplante versigtig verwyder is, maar nie ’n enkele bestuiwer het opgedaag om monsters te neem van hierdie plantjies met hulle aanloklike voorkoms nie.

Vic en die Disa

Disa hallackii

Toe het ’n satyriumagtige plant sy verskyning gemaak wat nougeset gemoniteer is. Die plant het, net nadat die skou geopen is, ’n blom voortgebring en Vic het dit ingebring as ’n *Disa cornuta* totdat dit hernoem is en ’n groot rooi kol gekry om hom aan te dui as ’n bedreigde spesie.

Die goeie nuus is dat, in die verloop van verskeie weke, 14 plante in die 'ontdekkingsgebied' van 25m X 20m gevind is. Daar word geskat dat daar landwyd minder as 500 individuele plante van hiedie mees bedreigde Suid-Afrikaanse orgidee bestaan, aangesien dit ’n laeveldspesie is wat die meeste van sy historiese terreine verloor het as gevolg van stedelike ontwikkeling en uitgebreide aanplanting van landbougewasse. Afname in die restante fragmente waar dit nog bestaan, gaan voort as gevolg van indringerplante en die skoonmaak van padreserwes.

Dus hang die vraag nog in die lug: Wat gaan word van ons welkome besoekende orgidee op sy stukkie Vermontgrond? Die eienaars is liefhebbers van fynbos dus bestaan daar ’n sterk moontlik-heid dat hulle die beskerming sal geniet wat hulle so bitter nodig het.

Geraldine Gardiner;
Fotos: Vic Hamilton-Attwell, Ronnie Hazell

WAT BLOM IN FERNKLOOF?

Orphium frutescens

Heterolepis aliena

Die glansende, rooskleurige blomme van die gepas genoemde 'Seeroos', *Orphium frutescens* blom in die laagliggende sanderige gebiede van Fernkloof. Die geboë helmknoppe stel hul stuifmeel vry deur gaatjies in die punt, wanneer dit deur bye vibreer of gezoem word (bekend as zoem-bestuiwing). Die Orphiums hoort tot die Gentianaceae familie, vernoem na Orpheus, die wonderbaarlike luitspeler wat met Eurydice getrou het.

Die 'Rotsgousblom' of 'Rotsmagrietjie', *Heterolepis aliena,* blom van September tot Januarie vrolik en opsigtelik teen rotsagtige hange en in skeure in die berg. Die plante het spinnerak-agtige takke en naaldvormige blare.

Mentha aquatica

Pseudoselago serrata

Mentha aquatica, of 'Waterment' hoort tot die familie ment en salies, Lamiaceae. Plante kan in die vlak, klam sand gesien word waar hulle by die ingang na die strandmeer blom. Mentha is Latyn vir ment en verwys na die nimf, Minthe, minnares van Pluto, wat deur die jaloerse Proserpine in ment verander is.

Die poeierkussinkie blou blomme van *Pseudoselago serrata,* 'Blouaarbossie,' verlei 'n mens altyd om na die rotsagtige dagsoom te klouter om hulle skoonheid te bewonder wanneer hulle op die bergpieke of teen die hange opgemerk word! Lede van die groot Scrophulariaceae-familie.

Sandy Jenkin

Opwindende vonds deur Belle se botaniese groep!

Belle se botaniese studiegroep het laat Oktober ’n eiendom naby Pearly Beach besoek en het afgekom op wat hulle veronderstel het ’n helder pienk blomdraende Lampranthus te wees wat in die sand aan die basis van ’n kalksteenkoppie groei.
Lee Burman was nuuskierig en het vir Cornelia Klak van die Bolus Herbarium by die Universiteit van Kaapstad geskakel wat die plant as *Lampranthus tenuifolius* geïdentifiseer het, 'en baie raar ook!'
Volgens die Rooilys word die plant beskryf as "Ernstig in Gevaar" met 80% van die bekende populasie op die Kaapse vlakte en Skiereiland uitgestorwe. Onlangse opnames het 4 liggings bepaal tussen die Skiereiland en Struisbaai, waarvan twee verlore is as gevolg van ontwikkeling sedert 2002. Twee klein, gefragmenteerde subpopulasies bly nou oor, een by Kaappunt en die ander naby Struisbaai. Die ontdekking van hierdie subpopulasie is werklik opwindende nuus! **Foto: Christine Wakfer**

Dankie vir jou foto’s

’n Besondere woord van dank word uitgespreek teenoor lede wat gereageer het op die tuinspan se versoek om hulle foto's in te stuur vir die Fernklooftuine se storie-muurbord wat nou hard besig is om saamgestel te word. Met leedwese moet ons sê dat, al sou ons ook hoe graag, ons nie almal kan gebruik nie. Hou ’n ogie uit vir die nuwe bord wat binnekort opgerig sal word.

’n Bydrae van Margaret Stanway het die aandag getrek

Vaarwel aan Anne Bean

’n Jarelange lid en vriend van Fernkloof-natuurreservaat, Anne Bean, het onlangs uit die Fernkloof Adviesraad afgetree. Anne het die Raad 32 jaar lank met toewyding gedien. By die jongste vergadering van die Raad is Anne bedank vir haar onberekenbare bydrae ten opsigte van bewaring van die Fernkloof-natuurreservaat. Sy het ook onlangs die Burgemeestersmedalje van die Stad Kaapstad se Stadsraad ontvang.
Anne Bean, middel, met lede van die Fernkloof Adviesraad
Photo: Geraldine Gardiner

LENTE-MAGRIETJIEDATA

Senecio hastifolius Photo: Jane Crawford

Lente-magrietjies het al reeds hulle saad vir volgende jaar se vertoning laat val. Maar het jy al ernstig besin oor hoe hierdie vriendelike blommetjies hul botaniese name gekry het?
Cape Odyssey se Inheemse Hoekie het die volgende feite byeengebring:

Osteospermum, pers, wit en geel, is ontleen aan *ostean,* Grieks vir been en *spermum,* Latyn vir saad, beskrywend van die harde sade;
Dimorphotheca, die Namakwalandse magrietjie is Grieks vir tweevormige vrug;
Arctotis beteken, eienaardig genoeg, oor van die beer, van die Griekse *arktos* en *otis;*

Senecio (wat 300 spesies in Suidelike-Afrika behels) beteken ou man en verwys na die harige grys-witgekleurde saadpluis.
Theodore van Gaza (1398-1478) het sekere botaniese werke uit Grieks in Latyn vertaal en is vereer met die genus *Gazania* wat na hom vernoem is.

Is daar feetjies in die bos?

Daar heers groot opgewondenheid in Hermanus oor die nuus dat 'n fladder-verhuising van feetjies in Piet-se-Bos-melkhoutbos, onder, naby Grottostrand waargeneem is. Professor Carbon Footprint (Koolstof Voetspoor) was besig met veldstudies om vas te stel hoe klein diertjies in harmonie saamleef (hy noem dit 'volhoubaarheid') toe hy gedink het hy sien 'n gevleuelde kreatuurtjie wat van boom tot boom fladder.
Prof. Footprint nooi al die kinders in Hermanus (en hul ouers en hul grootouers) uit om hom en Piet die Fluitspeler te kom help die feetjies opspoor. Die feetjies sal minder verskrik wees as die kinders gekostumeer kom! Om hulle te help, sal die bos verlig wees met 'n honderd brandende kerse. Terwyl hulle op die feetjiespoor is, sal die Prof vir hulle die storie van die oeroue melkhoutbome in die bos vertel.

Plek: Piet se Bos, Grotto Strand
Datum: Saterdag 17 Desember
Tyd: 18h30 tot 21h30
Bring: Kos en drinkgoedjies, tafels, stoele (braaivure beskikbaar)

Hierdie volhoubaarheidsbewustheid-gebeurtenis word geborg deur die Nasionale Lotery en aangebied deur Walvis-kusbewaring, Kranspad Beheergroep en Fernkloof Natuurreservaat.

’n Versameling Ruspes

Foto: Di Parker

Foto: Christine Wakfer

As jy miskien vroeg in Oktober by die Besoekersentrum was, sou jou belangstelling gaande gemaak gewees het deur die groot versameling ruspes op die stam van die Keurboom *(Virgilia)* wat langs die sentrum groei.
Denise Schemel, van die Overstrand Bewaringsforum, het die volgende inligting omtrent hierdie kuddediertjies!
'Die ruspes (larwes) is van die Kaapse lintmot (*Eutricha capensis)* horende tot die Lasiocampidae-familie. Die larwes versamel gedurende die dag op boomstamme en takke - ’n "veilig-in-getalle"-strategie - en vreet net deur die nag blare. Die hare kan ’n irritasie op die vel veroorsaak, dus word mense aangeraai om hulle nie te hanteer nie.
Die Kaapse lintmot is groot, met ’n vlerkspan van omtrent 70 mm, bleek rooi-bruin van kleur met 3 krullerige wit strepe op elke vlerk. Hulle word slegs langs Suid-Afrika se wes-, suid- en ooskus aangetref. Die volwasse mot verskyn vroegsomer, maar aangesien ons tans ’n koue somer ervaar, mag dit hulle langer neem om te verpop.

Verw: Picker, Griffiths and Weaving's Field guide to Insects of Southern Africa (page 346)

BOTSTAPNUS

Botstap gaan voort met die aanbied van afwisselende en opwindende dagstappe en weg-plesiertoggies. Johan Schwartz berig dat die lede in Augustus op Ganzekraal aan die Weskus oorgebly en Leeukop gestap het. In Oktober het hulle na Montagubronne toe gereis en van Avalonbron langs die Keisierivier gestap het tot in Montagu waar hulle ‘n trekkerrit tot bo op die Arangiesberg geniet het. Die finale uitstappie van die jaar was na Grootbosch naby Stanford om die Melkhoutroete te stap.

DAGBOEKDATUMS vir die eerste kwartaal van 2012

20-22 Februarie : Silwermyn Natuurreservaat, Constantia
16-19 April : Sederberg

Skakel asseblief Johan Schwartz vir verdere informasie
028 314 0833 Sel: 082 890 8261

Jakkalsvoëlkuikens in Fernkloof

Herman de Wet het berig dat hy in September 'n jakkalsvoël oor die Fernkloofberge sien swiep en sweef het en terwyl hy hom dopgehou het, het Herman gesien die voël gaan sit teen die kant van die rotsagtige krans bokant Hermanus Heights. Met sy teleskoop gerig op die plek, gewaar hy 'n jakkalsvoëlnes op 'n lys, met een kuiken sigbaar. Twee dae later het 'n tweede koppie veskyn!
In die loop van die volgende weke was Herman in staat om waar te neem hoe die kuikens gevoer word - tot vier keer 'n dag - en hulle te sien vlerkoefeninge doen ter voorbereiding van hul eerste vlug. In die eerste week van November was hy verheug om te sien hoe, eers die een kuiken, en 'n paar dae later gevolg deur die ander een, hulle tuiste verlaat.
Herman het al baie ure bestee aan bergklim bokant Hermanus Heights en op 10 Oktober kon hy naby genoeg aan die nes kom om hierdie pragtige foto van kuikens in die nes af te neem.

Met bedanking aan Herman de Wet

HET JY GEHOOR?

'n Baie besonderse erica is deur Thys de Villiers op sy plaas Boskloof gepluk en ingebring as 'n spesimen vir die Septemberskou. Dit was die merkwaardige en raar *Erica shannonea*.
Jare lank is hierdie erica nie aangeteken in herbaria nie, en aantekeninge dui nou daarop dat hy laas teen die einde van die 19de eeu ingesamel is. Verskeie populasies is nou in die berge tussen Stanford en Bredasdorp en verder suid in die reeks tussen Bredasdorp en Napier ontdek. Blomskerms met agt tot tien blomme word aan die punte van die takke gedra en die helmknoppe het 'n 'dubbelken!' Dit is vernoem na die Gravin van Shannon, 'n weldoener van plantkunde in die 18de eeu.

● In slegs die eerste tien dae van November het waarderende besoekers van 15 verskillende lande die Fernkloof se Besoekersboek geteken: van Oostenryk,België, Kanada, Duitsland, die Nederlande, Nieu Seeland, Noorweë, Singapoer, Slowenië, Spanje, Swede, Switserland, die V.K. en die VSA. As 'n bietjie verder terug gekyk word, na vroeë lente, kan Argentinië, Frankryk, Ierland, Israel, Namibië, Portugal, die Verenigde Arabiese Emirate, Zambië en Zimbabwe bygevoeg word. Met gerustheid kan gesê word dat Fernkloof op die Wêreldkaart is!

● SANBI het sy nuwe, verbeterde, meer verbruikersvriendelike webtuiste heringestel. Dit is gelaai met informasie, insluitend gedetailleerde plantlyste, nuus van botaniese tuine in SA, aktiewe navorsingsprogramme en besonderhede oor voëls, flinders en protea-atlasprojekte.
Die Rooilys van SA plante, weergawe 2011, is nou aanlyn met 3 283 nuwe foto's, 79 nuutbeskrewe spesies en dit doen hulle groot genoeë om die herontdekking van 13 spesies, vroeër gelys as Ernstig in Gevaar (Moontlik uitgestorwe) bekend te maak.
Gaan na : www.sanbi.org

● Frank Tennick, bekende geoloog van Hermanus, wat onlangs vir ons ’n interessante praatjie gelewer het, het ’n groot kaart aan Fernkloof geskenk. Dit is ’n samestelling van die ses velle, teen ’n skaal van 1:10 000 van Fernkloof, Vogelgat en Maanschynkop Natuurreservate. Die swart-en-wit lugfoto's wys die kontoere en staproetes (met die hulp van ’n vergrootglas!). Frank sal die geologie van die gebied, teen ’n baie kleiner skaal van 1:20 000, op ’n afsonderlike kaart plaas.

DAGBOEKDATUMS

10 Desember
09H00-12H00 Jeug se Pretstap en Kunskompetisie by Fernkloof
Skakel Grant Forbes: 076 591 9420

17 Desember
18h00 Feetjiesoektog saam met Prof. Volhoubaarheid en Piekniek by Piet se Bos

23 Desember
18h00 Piekniek by Fernklooftuine
19h30 Luiperdgesprek in die Fernkloof Saal: Dr. Bool Smuts

13 Januarie 2012
Botaniese Vereniging se Algemene Jaarvergadering in Fernkloofsaal

2 Maart
Botaniese Vereniging Vleisbraai by Fernkloof

Baie dankie aan André van der Spuy vir die vertaling

Ons verwelkom enige bydraes tot/terugvoer op die nuusbrief.

Fotografiese bydraes: Jane Crawford, Herman de Wet, Geraldine Gardiner, Ronnie Hazell, Sandy Jenkin, Di Parker, Margaret Stanway, Christine Wakfer

Redakteur: Sandy Jenkin
Redaksionele assistente: Geraldine Gardiner, Christine Wakfer, Lee Burman

Hermanus Botaniese Vereniging
Privaatsak X16
Hermanus 7200

Tel: 028 313 0819
botsochermanus@telkomsa.net